

## Onderwysberaad 31 Augustus 2016

### 1. Inleiding

- Thomas Sowell, leidende Afro-Amerikaanse denker: “Elke nuwe geslag wat gebore word, is in werklikheid ’n inval van klein barbaartjies wat opgevoed moet word voordat dit te laat is”.
- Ali Mazrui, Keniaanse intellektueel: Japan teenoor Afrika
- Moedertaalonderwys en moedertaalskole: onderrigtaal vs skool as kultuurinstelling
- Dr. Rolf Stumph: SA het ’n taalprobleem, nie ’n onderwysprobleem nie
- Wêreldlesse en wêreldkaart

### 2. Tien stellings oor Onderwys

#### 2.1 Afrikaner moet sy volle vermoë verwesenlik

- Singapoer-voorbeeld: Lee Kuan Yew
- Voorwaarde vir voorspoedige oorlewing as klein volk op groot vasteland
- Ons dink te klein en mik te laag; ons moet meer van onself verwag

#### 2.2 Minderheid moet meerderheidskennis hê

- Vaardigheidstekort: Goeie onderwys en opleiding – vry van raswette
- Kennis vergoed vir getalle, want minder mense kan meer doen

#### 2.3 Onderwys die beste belegging wat ’n mens kan maak

- Beste belegging wat daar is – Milton Friedman
- Enigste belegging wat veilig is met lewenslange opbrengs
- Berekening: jaarlikse studiekoste word maandelikse salaris

#### 2.4 Sukses word bepaal deur gehalte van die mense, nie die land nie

- Schumager: “Small is beautiful”
- Mensgehalte word bepaal deur opvoeding, opleiding, waardes en karakter

#### 2.5 ’n Klein volkie moet homself nie laat tel nie, maar laat weeg

- Klein volkie op groot vasteland
- Ons is nog altyd te min, maar ons moet sorg dat ons meer weeg
- Kennis is nog meer mag in kennisekonomie

#### 2.6 Ons moet die totale Onderwyswaardeketting ontwikkel

- Kleuterskool, Laerskool, Hoërskool, Kolleges, Tegnikon, Universiteit, Beroep

#### 2.7 Ons moet mense vir hulle roepings toerus, nie net vir beroepe oplei nie

- L. Schlemmer: roepingsgedrewe onderwysers – suurdeeg
- Roepingsgedrewenheid ons Protestantse Erfenis
- Kwalifikasie gee ’n werk; toerus vir roeping skep ’n loopbaan – ’n toekoms
- Beroep: onderwys stop met werk, roeping: lewenslange leer
- Waardegedrewe opvoeding teenoor opleiding
- Lewenslange leerkultuur: matriek is die begin, nie die einde nie

## **2.8 Goeie Onderwys en Opleiding enigste pad na ekonomiese vryheid**

- Arbeidsmag-navorsing: verdien volgens bydrae, bepaal deur onderwys
- Hoe beter opgelei, hoe beter verdienste, hoe minder en korter werkloos
- Opleidingsfonds: almal wat wil, moet kan

## **2.9 Afrikaanse skole is steeds die beste**

- Jaarlikse matriekuitslae spreek vanself

## **2.10 Onderwysers is bepalend vir goeie onderwys**

- McKinsey-studie (2012): Onderwysstelsel net so goed soos sy onderwysers
- Nie geboue of welvaart nie

## **3. Ten slotte**

- Ons kinders se toekoms is te belangrik om aan die staat oor te laat. Dis ons kinders.
- Ons gaan die toekoms hê wat ons self skep. Daarom gaan ons môre bepaal word deur wat ons vandag doen.